NEUTROG FERTILISERS

Just **try** it.

kommersiële

# feedback

Volume 4

## NEUTROG VOER DIE REN STERRE VAN MôRE

## PAUL BURGER JUST TRIES IT

## INTERNASIONALE BEWUS WORDING - AUSTRALIË EN IERLAND




www.neutrog.co.za

# NEUTROG VOER DIE REN STERRE VAN MôRE



Geleë onder die majestieuse Groot Drakenstein bergreeks in Franschhoek, is die L'Ormarins Landgoed wat welbekend is as die huis van die Anthonij Rupert Wyne. The wingerde is hoofsaaklik geplant teen die boonste hange van hierdie berge waar die graniet grond sterk, uitsoek wyne produseer.

Die welige groen velde aan die onderkant van die hange op die Landgoed is waar die Drakenstein stoet, waarskynlik die mees asemrowende stoet plaas in die wêreld lê.

Drankenstein stoet word bestuur deur Mev Gaynor Rupert en is die huis van die toekomstige ren kampioene, gekenmerk deur hoogs gesogte hingste, insluitend die bekende Trippi and Chestnut.

The stoet bestuurder vanaf 2004 by Drakenstein is Ross Fuller. Sy agtergrond is boer & stoet bestuur. Hy het voorheen met koring, rog & bees in Zimbabwe geboer terwyl hy ook 'n klein stoet plaas bestuur het.

Fuller gebruik Neutrog Bounce Back vir die laaste vier jaar by die Drakenstein stoet. Aangesien die velde die weiding vir jong vulletjies en ander perde is, moes hy seker wees om 'n veilige en organiese produk te kies. Bounce Back was die antwoord: 'n unieke mengsel van die hoogste kwaliteit kunsmis en natuurlike minerale met geen chemikaliese bymiddels & ook die voordeel van 'n stadig vrystellende produk. Fuller dien die Bounce Back een maal per jaar toe deur 'n trekker en kunsmis strooier te gebruik. Dit word gewoonlike voor lente gedoen.

"Ek is baie tevrede met die resultate van Neutrog Bounce Back. Die weivelde is in perfekte kondisie – lower groen, welig en die perfekte teel area vir die ren sterre van die toekoms" het Fuller gesê.



# PAUL BURGER "JUST TRIES IT"

Die Burger-familie boer op Kolsvlei naby Piketberg reeds sedert 1914. Paul Burger sr. het die grond eers vir agt jaar gehuur, voordat hy dit in 1921 gekoop het. In 1958 neem Casper Burger oor van sy pa en 1985 sluit sy seun Paul by hom aan, nadat hy die graad BSc Agric Akkerbou en Weidingsbestuur aan die Universitiet van Stellenbosch behaal het. Paul neem die bestuur van die boerdery oor by sy pa in 1991.

Paul boer op 'n wisselbou-stelsel met koring en medics as sy hoofgewasse. Hy het ook met hawer en canola ge-eksperimenteer, maar hierdie gewasse was nie suksesvol nie, a.g.v. die lae reënval in die area. Paul was een van die eerste boere in die omgewing wat begin het die plant van koring en medics op 'n wisselbou stelsel, in 1987. Hy plant 945 hektaar per jaar, waarvan 430 op sy eie grond en 415 hektaar op huurgrond. Hy boer ook met SA Vleismerino en Dohne-merinos om sy wisselbou-stelsel aan te vul.

Paul het van Neutrog by 'n boere-byeenkoms gehoor en besluit om te 'Just try it'. Hy gebruik Neutrog Bounce Back as sy standaard bemesting sedert 2005. Hy gebruik 'n kunsmisstrooier om 150kg/ha aan te wend voor plant en doen dit jaarliks. Paul gebruik die Bounce Back saam met chemiese kunsmis om dit langer in die grond vas te hou, wat maksimum plantgroei in die langtermyn verseker.

Paul sê: "Neutrog Bounce Back het beslis die gehalte van my grond en gewasse verbeter. Dit laat ons ook toe om kopbemesting oor te slaan, sou dit nie in Mei of Junie reën nie. Ek geniet dit om met Neutrog te werk – hul produkte is van hoogstaande gehalte, hul personeel is vriendelik and kundig en na-verkope diens is uitstaande."

Paul beplan om steeds in die toekoms Neutrog te gebruik in sy strewe daarna om die vrugte te pluk van sy twintigjaar-lange poging om sy grond op te bou deur sy wisselbou-stelsel.

## *Just* ***try it.***

Neutrog se filosofie is dat mens nie organies gebasseerde kunsmis met chemiese eweknieë kan vergelyk deur slegs die konvensionele NPK metodologie te gebruik nie. Die enigste manier om die aanwending van organiese kunsmis te oordeel, is om dit te probeer!

Organiese kunsmis voorsien nie net 'n wye reeks voedingswaarde aan die grond nie, maar baie belangrik, is die katalisator vir gesonde groei deur die natuurlike prosesse wat in die grond voorkom te stimuleer. Hulle doen net so goed, indien nie beter as hul chemiese eweknieë teen dieselfde koste.

Hierdie artikels wys 'n groeiende getal boere wat eenvoudig begin het deur 'n klein proef met die organiese kunsmis te doen en hul tradisionele chemiese NPK denke verander het.

Indien u meer inligting aangaande die proefneming van die organiese kunsmis wil hê, kan u gerus met 'n Neutrog verteenwoordiger gesels. Skakel 021-972 1958



# INTERNASIONALE BEWUS WORDING - AUSTRALIË EN IERLAND

## "DOWN UNDER"

'n Australiese boer, George White (foto) boer al 39 jaar in Manangatang, Victoria. George se oupa het die grond in die vroeë 1900's gekies en dit is een van die min plase wat steeds deur die nageslag van die oorspronklike eienaar in hierdie streek besit word. George, sy vrou Sue en hul seun Andrew boer met koring, gars & rog op 1600 hektaar.

Soos meeste boere, het die Whites die NPK chemiese kunsmis oor generasies gebruik. Hierdie produkte is as enkel, super dubbel en uiteindelik MAP aangewend. George sê "dit is eenvoudig hoe dit altyd gedoen is en die enigste ding wat ons geken het". Sowat 20 jaar gelede, het George die geldigheid en volhoubaarheid van die aanhoudende aanwending van chemiese sintetiese kunsmis begin bevraagteken. Hy het agtergekom daar is 'n bestendige afname in die grond vrugbaarheid & die opbrengste het stadig verminder. Hy het navorsing begin doen oor alternatiewe produkte. Organiese kunsmis het na 'n opsie gelyk, maar hy was bekommerd oor die tekort aan beskikbare inligting en ook wanneer saam met hul lae NPK gebruik, het hy dit as 'n risiko gesien wat hy nie kon bekosting om te neem. Hy het egter sy belangstelling om ander alternatiewe te verken behou, en in die laaste 5 jaar het hy 'n baie beter begrip gekry van mikrobes en die groot rol wat fungi en bakterieë in die grond speel. George se kommentaar: "na 3 generasies van dieselfde NPK bemesting regime het dit my 'n tyd geneem om te verstaan hoe die lae NPK in organiese kunsmis dieselfde of beter resultate kan lewer as my tradisionele sintetiese kunsmis".

Na aansienlike navorsing het George organiese kunsmis in sy oes program gebruik. Hy sê: "ek was steeds senuweeagtig oor die opbrengste wat ek sou kry, maar was aangenaam verras om te vind dat dit net so goed soos my tradisionele kunsmis presteer het. Ek verstaan nou dat dit nie net oor vlakke van NPK toegedien in die grond gaan nie & dat fungi, bakterieë and mikrobes almal 'n belangrike deel in die grond vrugbaarheid speel". Die laaste 5 jaar het George sy gebruik van organiese kunsmis uitgebrei deur Neutrog Rapid Raiser te gebruik. George sê: " ek het my inset koste verminder terwyl my opbrengste konstant bly. As ek dit kan doen terwyl ek terselfdertyd die grond vrugbaarheid verbeter, het ek 'n lang pad geloop na die onderhoubaarheid waarna ek 20 jaar gelede gesoek het".



## IERLAND

Met 900 akker aartappels, is Pat Reynolds Ierland se grootse aartappel boer. Vroeër die jaar het Reynolds begin met 'n proef van Seamungus op 10 akker op Tara in die streek Meath waar hy "Lady Clare" aartappels groei. Seamungus is aangewend teen 415kg per akker (1 ton per hektar). Die oes is na Largo Foods gekontrakteer vir "crisping". Aan die begin het Pat se seun Shane gesê: "ons is altyd op soek na maniere om die kwaliteit van ons oes te verbeter. Groot kliënte soos Largo betaal 'n premium vir sekere eienskappe soos hoër droog material, so 'n produk soos Seamungus kan regtig die omset wat ons van die oes kry verbeter.

Slegs onlangs geoes, het die Seamungus behandelde area, 'n beduidende toename in opbrengs van 1.4 ton per akker (3.36 ton per hektar), met 'n merkbare verskil in die grootte en eenvormigheid van die produk getoon.

So 'n resultaat sal lei tot 'n wyd verspreide gebruik binne die Reynolds se aartappel groei program.

**Join Neutrog's Pooh Bah Club**
The Pooh Bah Club is the club for all gardening fans to keep up to date with the latest in gardening products, news, and competitions. Be the first to hear about new Neutrog products launched and receive tips about fertilising your garden and lawn all year round. **To join register today at www.neutrog.co.za – membership is free.**

**Neutrog SA is on Facebook**
Find Neutrog SA on Facebook and become a fan by clicking the 'Like' button. Receive great tips and gardening advice, take part in discussions and enter unique competitions.

NEUTROG FERTILISERS
*The Experts' Choice.*

T 0860 110 110
F 021 972 1959
E info@neutrog.co.za
Neutrog Africa Pty Ltd
PO Box 81 Philadelphia
7304